

Seleksie van Vervangingsooie – Beste bestuurspraktyke

(Gawie van Wyk, NWKV Produksie Adviseur: Noordkaap)

Sel: 083 2703 161; Epos: gww@hantam.co.za

Dit is 'n bekende en belangrike praktyk in veeboerdery om elke jaar ongeveer 25% tot 30% van die ooi-kudde met jong ooie te vervang en wel om die volgende redes:

1. Om die ooi-kudde se gemiddelde ouderdom te handhaaf.
2. Om ouer diere waarvan die produksie en reproduksie vermoë begin daal, te vervang
3. Om die kudde se gehalte voortdurend te verbeter.

Kuddeboere maak meestal van die volgende seleksiemetodes gebruik:

1. Die hand-en-oog metode. Gewoonlik word daar van 'n tegniese skaap-en-wol deskundige gebruik gemaak. Die ooie word volgens bouvorm en wol-eienskappe geklas en geselekteer totdat daar 25% tot 30% oorbly wat as vervanging gebruik word. Dit is 'n subjektiewe metode.
2. Prestasietoetsing, waar belangrike ekonomiese wol-eienskappe objektief gemeet word, word op die eerste skeersel gedoen. Die wol word geweeg en 'n wolmonster word ten opsigte van lengte, treksterkte, fynheid, skoonopbrengs, ens. ontleed. Die ooie word ook geweeg, asook subjektief op bouvorm eienskappe geklas. Die beste 25% tot 30% word as vervanging gehou.

Die beste bestuurspraktyk by die seleksie van vervangings ooie, is die volgende:

1. Wanneer die lammers gemerk word, word daar vir gebreke soos kortbek of te veel kleur aan die gesig bene of kloutjies opgelet. Merk hierdie lammers vir uitskot. Kleure soos swart en bruin kan maklik raakgesien word.
Verpotte of te klein lammers binne die groep kan ook geïdentifiseer word, wat later uitgeskot moet word. Dit is belangrik om daarop te let dat daar heel waarskynlik tweeling onder die kleiner lammers kan wees. Daarom is dit belangrik om die tweeling te merk. Verpotte tweeling moet ook uitgeskot word.
2. By speen-ouderdom word die ooi-lammers, wat geïdentifiseer is volgens paragraaf 1, bemark saam met die hamel-lammers. Die res van die ooi-lammers word gehou tot en met die eerste skeer. Lammers met duidelike wol- en bouvorm-afwykings, word dan geïdentifiseer en uitgeskot. Die lammers kan ook op hierdie stadium geweeg word en te ligte lammers kan uitgeskot word. Hou die res van die oilammers.
3. Die volgende seleksie vind plaas op 12 tot 14 maande, wanneer die lammers 'n tweede keer geskeer word. Wolmonsters van elke lam kan voor die skeer geneem word vir ontleding deur die Woltoetsentrum. Hierdie inligting kan dan gebruik word wanneer die ooi-tjies subjektief beoordeel word. Ooi-tjies wat te veel afwyk ten opsigte van lengte, fynheid en skoonopbrengs kan verder uitgeskot word. Ooi-tjies met bouvorm foute word ook hier uitgeskot.

4. Indien dit vir die boer moontlik is, kan die ooitjies wat tot op hierdie stadium kwalifiseer vir vervanging, gehou word al is dit meer as die verlangde getal. Meeste boere paar die jong ooitjie tussen 14 en 18 maande. Die groep kan gepaar word en 6 weke na paring geskandeer word vir dragtigheid. Die getal ooitjies wat dan vervang word kan uit die besette ooitjies finaal gekies word. Jong vervangings ooitjies wat by die eerste paring beset raak, is gewoonlik die meer vrugbare ooitjies. Hierdie werkswyse kan 'n baie groot bydrae lewer tot die winsgewendheid van 'n boerdery.



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.